LIGDRAERS VAN GOD

MIDWEEK

Nuusbrief van NG Nelspruit-Suid

013 – 744 1925

Beste Lidmaat en gesin,

Stories van geloof vir ons kinders

08 Oktober 2023

Sondag, 8 Oktober 2023 – Stories van geloof vir ons kinders

Skriflesing: Psalm78

Die kuns van storie vertel is stadig aan die uitsterf. Al minder mensevertel of lees vir hulle kinders stories. Deesdae het televisie programme,films, rekenaar- en Selfoonspeletjies al meer die tyd ingeneem van storievertel. Ons leef in ’n wêreld wat sterk visueel ingesteld is.

Aanvanklik is die eerste verhale van die Bybel ook modelings oorgedravoordat opgeteken is. In die Bybelse tyd is daar ook baie gebruik gemaak vanstories en verhale om waardes en normes oor te dra en kinders van God te leer.

As ons in die Nuwe Testament kyk, dan sien ons Jesus ook lief was om storiesen verhale te vertel om mense te leer. Die boek Handelinge is die verhale vandie vroeë kerk waarby ons baie kan leer.

Hierdie Psalm roep ons op om ook dieselfde te doen. Ons moet ook vir onsnageslagte vertel van dit wat God gedoen het. Ons moet hulle ook leer van die verhalewat in die Bybel opgeteken staan maar meer nog, ons moet ook hulle vertel vanwat God in ons eie lewens gedoen het. Vandag se jongmense het nodig om te hoordat God vandag nog in mense se lewens betrokke is. Dat Hy vandag nog ’n pad metons elkeen wil stap en ons elkeen wil help.

Ongelukkig het ons iewers oor die generasies heen, met ons tegnologieseera, verleer om ons geloofsverhale met mekaar en die jonger geslagte te deel.
Ons gesels baie maklik met mekaar oor die weer en die rugby en oor diefoute van die regering, maar ons sukkel om ons eie geloofsverhale met ander tedeel.

Ons het dalk te bang geraak oor wat mense se reaksie sal wees of dalk omdatons skaam is oor die foute wat ons gemaak het.
Baie keer verwar mense Persoonlik en Privaat met mekaar.
Ons geloof is wel ’n Persoonlike saak, maar dit moet nooit ’n Privaat saakwees nie. Mense moet duidelik in ons lewens kan sien en hoor dat ons Christene is.

“Met ons eie ore het ons gehoor, ons vaders het ons vertel.” Psalm 44:1

Gebed:
Dankie Vader dat U soveel genade en liefde aan mybetoon. Maak my gewillig om vanuit my eie ervarings met U, teenoor ander tegetuig.

Verdere Nadenke:

1. Watter Bybel verhaal het vir jou as kind geïnteresseer en hoekom?
2. Watter rol speel stories en verhale in mense se lewens?
3. Lees Matteus 13:1-17

Jesus het baie keer stories enverhale gebruik om mense te leer.
Hoekom het Jesus mense sogeleer?

4. Lees Markus 5:1-20

Wat beteken dit om te Getuig?
Wie almal kan/moet getuig oor wat God vir hulle al gedoen het?

5. Waarom dink jy/julle sukkel mense vandag om oor hulle geloof te praat?
6. Hoekom is dit belangrik om ons Geloofspad met ander te deel?
7. Wat sal gebeur as niemand hulle eie Geloofspad met ander deel nie?

Vir volledige videoboodskap oor die tema, **klik hier.**

Knie-aksie

Bid asb vir lidmate wat ongesteld is, herstel na operasies of tans in die hospitaal is:

Willem Burger
Elsie Janse Van Rensburg
Hester Vermeulen
Les Williams

Donderdag 12 Oktober	10:00	Rubicon Bybelstudie Ds Louis Pienaar 082 878 1743
	18:00	Delf in die Woord in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925
Saterdag 14 Oktober	09:00	Damestee
Sondag 15 Oktober	08:30	Erediens. Kinder- en Kleuterkerk asook Jeugdiens.
	18:00	Woordstudie in die konsistorie Chris Mostert 082 555 1946
Maandag 16 Oktober	10:00	Bateleur Bybelstudie Dr. Jean Strydom 083 572 4868
Dinsdag 17 Oktober	10:00	Naomi (Senior) Kuier - Susan v Huyssteen 084 964 2847
	18:00	Mannegroep in die lapa – Ds Louis Pienaar 082 878 1743
Woensdag 18 Oktober	06:00	Broodbreek in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925
	10:00	Bybelstudie in die Koinonia – Dr Jean Strydom 083 572 4886

Die Bybelstudie is beskikbaar op YouTube, **Klik hier vir video**.

Verjaarsdae 75jaar en ouer
Baie geluk aan...

Oktober

17de - Elsie Janse van Rensburg
18de - Olga Pretorius en Di Schultz
19de - Sme van Zyl
- Kobus Botha
20ste - Lientjie Steyn
- DC Human
21ste - Christo Maree

Lidmate wat by dienste lewer:

Algemene Praktisyn: City Health, Henshallstraat 21, Winkel 6B. Woensdae R350 konsultasiefooi vir pensionarisse. Dr Sentene Goosen by 078 389 2444.

Verkoop of koop van u eiendom: Skakel Miemie Ferreira by 0834682058

Verskaf en vervang rou riempies: Skakel Dewald 082 680 5806.

Glasfit. Alle motor en huis glas, Windskerm-*chip repairs*, *Motor Smash and Grab* tint, Huis Tint, Xpanda sekuriteits produkte, alle motor rubbers en *clips*. Sekelbos en Hardekool braaihout Skakel Henri 082 551 7779.

Windskerms & Ruite: Vervang en herstel. Skakel Maritha Snyman by 084 589 0620

Algemene Instandhouding en Onderhoud : Skakel Hennie Venter by 082 927 3638

Shekaina Design & Landscaping: Skakel Hennie Venter by 082 927 3638.

Lost Trail Gastehuis: Skakel Annelize by 082 462 5548

Benodig jy hulp met klein takies? Gerald Visser help graag. Skakel hom by 072 313 5640

CM on the go Accounting and HR Services: Payroll, boekhouding, CIPC, persoonlike- en besigheidsbelasting, ens. Skakel Charmain Mitchell 082 493 3557

ITNS: Rekenaar herstelwerk, harde- & sagteware, opgraderings, network ontwerp, hoofrekenaar installering en onderhoud, virus verwydering, ens. Skakel vir Pieter Van Den Bergh by 0824509452

Organiese groente-aanvulling: Bou jou immuunstelsel met organiese groente- poeiers, kry leiding in goeie eetgewoontes. Yolanda De Villiers by 082 819 6977

GoFocus Learning Centre: Remediërende hulp aan leerders met disleksie, ADD, ADHD. Lees, begrip, spelling, handskrif ens. Ontwikkel deur disleksie spesialis. Kontak Freda Grobler by 0824151508

Tyres & More: Bande, nitrogen, remme, skokbrekers, batterye, diens van voertuie uit waarborg, suspensie parte ens. H/v Emnotweni & Madiba Rylaan. Kontak vir Charles Bodemer by 013 752 4388

Werksgeleentheid:

Carpenter met ondervinding in aanmekaar sit en installering van kombuiskaste. Stuur epos aan info@stellioprojects.co.za.

Enkellopende dame soek 'n een- of tweeslaapkamer tuinwoonstel / meenthuis of woonstel om te huur vanaf 1 Des 2023 / Jan 2024. R7 000 per maand. (Water en krag uitgesluit) Sy is ook vertroud met huis oppas en diere versorg en sal bereid wees om na eienaar se eiendom en diere om te sien in hul afwesigheid. Skakel Amelia Lombard by 082 567 7916.

SUID Onderlinge Sorg

Seën vir die week!

Vriendelike groete,
Jean, Louis en Gerrit

Indien jy nie meer die Midweek wil ontvang nie, klik op “Unsubscribe” skakel hieronder.
Unsubscribe